# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS (AVB ingesluit 30c PRICE (GST included)**
**BUITELANDS 40c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 227 — KAAPSTAD, 2 MEI 1984 — CAPE TOWN, 2 MAY 1984 — No. 9208


## KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 899. 2 Mei 1984

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 60 van 1984: Wysigingswet op die Toelating van Advokate, 1984.

## OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 899. 2 May 1984

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 60 of 1984: Admission of Advocates Amendment Act, 1984.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Toelating van Advokate, 1964, ten einde die toelating van persone om as advokte te praktiseer, die skorsing van advokate in hul praktyk en die verwydering van hul name van die rol van advokate verder te reël; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 19 April 1984.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 3 van Wet 74 van 1964, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 73 van 1965, artikel 16 van Wet 29 van 1974 en artikel 1 van Wet 39 van 1977.

**1.** Artikel 3 van die Wet op die Toelating van Advokate, 1964 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die woord "of" by subparagraaf (ii) van paragraaf *(a)* van subartikel (2) te voeg; en

*(b)* deur die volgende subparagraaf by paragraaf *(a)* van subartikel (2) te voeg:

"(iii) voldoen het aan al die vereistes vir 'n graad of grade van 'n universiteit in 'n land wat die Minister, na oorleg met die Algemene Balieraad van Suid-Afrika, by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys het, en ten opsigte waarvan 'n universiteit in die Republiek met 'n regsfakulteit gesertifiseer het dat die leerplan en standaard van opleiding gelyk is aan, of hoër is as, dié wat vir die graad *baccalaureus legum* van 'n universiteit in die Republiek vereis word: Met dien verstande dat—

*(aa)* die leerplan vir genoemde graad of een van genoemde grade vereis dat die betrokke persoon in minstens een kursus in die Afrikaanse taal, minstens een kursus in die Engelse taal en minstens een kursus in die Latynse taal moet slaag; of

*(bb)* die betrokke persoon in minstens een kursus in die Afrikaanse taal, minstens een kursus in die Engelse taal en minstens een kursus in die Latynse taal wat deur 'n universiteit in die Republiek vir 'n *baccalaureus*-graad voorgeskryf of erken word, geslaag het.".

Wysiging van artikel 7 van Wet 74 van 1964, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 73 van 1965.

**2.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subparagraaf (ii) van paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) in die geval van 'n persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, uitgesonderd 'n persoon bedoel in subparagraaf (iii), indien hy in gebreke gebly het om binne 'n tydperk van ses jaar vanaf die datum waarop hy voor of na die inwerkingtre-

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Admission of Advocates Act, 1964, so as to further regulate the admission of persons to practise as advocates, the suspension of advocates from practice and the removal of their names from the roll of advocates; and to provide for incidental matters.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 19 April 1984.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Act 74 of 1964, as amended by section 1 of Act 73 of 1965, section 16 of Act 29 of 1974 and section 1 of Act 39 of 1977.

**1.** Section 3 of the Admission of Advocates Act, 1964 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the addition to subparagraph (ii) of paragraph *(a)* of subsection (2) of the word "or"; and

*(b)* by the addition to paragraph *(a)* of subsection (2) of the following subparagraph:

"(iii) has satisfied all the requirements for a degree or degrees of a university in a country which has been designated by the Minister, after consultation with the General Council of the Bar of South Africa, by notice in the *Gazette*, and in respect of which a university in the Republic with a faculty of law has certified that the syllabus and standard of instruction are equal or superior to those required for the degree of *baccalaureus legum* of a university in the Republic: Provided that—

*(aa)* the syllabus for the said degree or one of the said degrees requires that the person concerned shall pass not less than one course in the Afrikaans language, not less than one course in the English language and not less than one course in the Latin language; or

*(bb)* such person has passed not less than one course in the Afrikaans language, not less than one course in the English language and not less than one course in the Latin language prescribed or recognized by a university in the Republic for a *baccalaureus* degree.".

Amendment of section 7 of Act 74 of 1964, as amended by section 2 of Act 73 of 1965.

**2.** Section 7 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subparagraph (ii) of paragraph *(a)* of subsection (1) of the following subparagraph:

"(ii) in the case of a person who is not a South African citizen, other than a person contemplated in subparagraph (iii), if he has failed to obtain a certificate of naturalization in terms of the South African Citizenship Act, 1949 (Act No. 44 of 1949),

ding van hierdie subparagraaf tot die Republiek vir permanente verblyf daarin toegelaat is, of binne die verdere tydperk wat die hof òf voor òf na die verstryking van daardie tydperk om 'n gegronde rede toelaat, 'n sertifikaat van naturalisasie ingevolge die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1949 (Wet No. 44 van 1949), te verkry; of"; en

*(b)* deur die volgende subparagraaf by paragraaf *(a)* van subartikel (1) te voeg:

"(iii) in die geval van 'n persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie maar wat 'n burger is van 'n staat waarvan die grondgebied voorheen deel van die Republiek uitgemaak het, indien hy opgehou het om te behoort tot 'n kategorie persone of te voldoen aan voorwaardes wat die Minister, na oorleg met die Algemene Balieraad van Suid-Afrika, by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal het; of".

Kort titel.

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Toelating van Advokate, 1984.

within a period of six years from the date upon which before or after the commencement of this subparagraph he was admitted to the Republic for permanent residence therein or within such further period as the court either before or after the expiration of the said period for good cause may allow; or"; and

*(b)* by the addition to paragraph *(a)* of subsection (1) of the following subparagraph:

"(iii) in the case of a person who is not a South African citizen but who is a citizen of a state the territory of which formerly formed part of the Republic, if he has ceased to belong to a category of persons or to comply with conditions determined by the Minister, after consultation with the General Council of the Bar of South Africa, by notice in the *Gazette;* or".

**3.** This Act shall be called the Admission of Advocates Amendment Act, 1984. Short title.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB3871/12 500
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB3871/12 500